

**26 April**

**Skrifgedeelte: Esegïel 12**

**Fokusgedeelte: Esegïel 12:21-27**

**Moet nooit God se Woord verontagsaam nie**

Een van die groot probleme waarmee mense van die skepping af te doen kry, is hoe om op God se Woord te reageer. Adam en Eva het God se waarskuwing verontagsaam met geweldige gevolge vir die hele mensdom. Die twee spreekwoorde in ons fokusgedeelte wys hoe 'n mens God se Woord op twee maniere kan verontagsaam. Die spreekwoord in vers 22 hou in dat die mens ontken dat God se Woord inderdaad God se Woord is. Esegïel het vir die ballinge gesê dat Jerusalem verwoes gaan word en hulle wou dit nie glo nie. Die spreekwoord van vers 27 kom daarop neer dat die ballinge wel aanvaar het dat Esegïel God se woord bring, maar dat hulle nie nou daarna hoef te luister nie. Hulle kan wag tot eendag. In beide gevalle het die ballinge nie gedoen wat hulle moes nie. Hulle het nie na God geluister nie en hulle het hulle nie tot God bekeer nie. Daarom maak Esegïel dit baie duidelik dat God se woorde nie leeg is nie. God gaan doen wat Hy gesê het en hulle sal die gevolge daarvan dra. God se Woord kom voortdurend na ons deur prediking en Bybelstudie. Dit verkondig aan ons God se genade in Jesus Christus en wat daardie genade in ons lewens vra. Ons moet goed luister en doen wat die Woord sê. Miskien verwerp ons nie die Woord so maklik nie (soms wel), maar ook by ons kom te dikwels van uitstel afstel.

Sing: Psalm 33:5

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)